# Hoërskool

# Montana

**KLAS VAN 2020:**

**ONS PAD VORENTOE**

## Beste Montie-ouers

Die Minister van Basiese Onderwys het aangekondig dat graad 12-leerders op 1 Junie 2020 weer moet terugkeer skool toe. Ek glo dat u en u kind, net soos ons, opgewonde is om saam te werk en van hierdie skooljaar 'n sukses te maak.

Ons weet dat skoolgaan nie gou weer gaan lyk soos ons dit altyd geken het nie, maar Monties stuit ook nie vir uitdagings nie.

Die Montana-span is slaggereed om die leerders te ontvang, en opgewonde om weer met onderrig te begin. Dit is egter baie belangrik dat almal verantwoordelik moet wees en selfgedissiplineerd moet optree. Ons gaan alles binne ons vermoë doen om te verseker dat elke kind en huisgesin veilig is. Gaan vergewis u asb. weer van die inhoud van die brief wat op 9 Mei aan alle ouers gestuur is.

Ons weet dit gaan nie maklik wees nie, maar saam kan ons "*vasberade opwaarts streef*" en 'n sukses van 'n onvergeetlike matriekjaar maak.
Onthou: Dis nie hoe jy begin nie, maar hoe jy eindig.

Dawie Diedericks
Skoolhoof

**GRAAD 12**

# AKADEMIESE PROGRAM

- Leerders meld van 07:00 by die adminhek aan en gaan daarna dadelik na registerklas.
- Die skooldag begin om 07:30 met DAG 1 op die rooster.
- Die skooldag eindig om 15:00.

# Hoe gaan ons u kind se veiligheid verseker?

Die hele Montie-familie, opvoeders, admin- en terreinwerkers, ouers en leerders sal moet saamwerk om te verseker dat higiëne- en veiligheidsmaatreëls gevolg word. Dis al hoe ons die verspreiding van die virus kan probeer bekamp.

**Leerders met enige van die virussimptome moet asseblief tuis bly.**

**Saam is ons verantwoordelik vir die nakom van die volgende:**

## Maskers:

- Leerders, opvoeders en werkers moet te alle tye 'n masker dra.
- Maskers met die Montanawapen is by De Jagers te koop, maar dit is nie verpligtend nie. Leerders mag hul eie vervaardigde maskers dra.
- Alle besoekers tot die skoolterrein moet maskers dra.

## Sosiale afstand:

Daar moet deurentyd gepoog word om die afstand van 1,5 m te hand-haaf.

- Eerbiedig die afstandsmerkers.
- Vermy groepsvorming.
- Geen fisiese kontak mag gemaak word nie.
- Slegs 4 leerders op 'n slag sal in die kleedkamers toegelaat word.

# Hoe gaan toegang tot die skool werk?

## Af- en oplaai

- Ons versoek dat die leerders as volg voor die adminhek sal aanmeld:
  12 A - 07:00
  12 B - 07:10
  12 C – 07:20
- Leerders mag slegs buite die skoolgrond af- en opgelaai word. Ouers moet asb wag dat hul kind die sifting slaag, voor hul weer vertrek.
- Leerders met eie vervoer moet in Kluestraat aan Rouxweg se kant parkeer.
- Leerders met fietse moet na sifting hul fietse in die vierkant langs die saal los.
- Alle leerders moet om 15:00 buite die skool opgelaai word. Geen leerders mag in groepe buite die skool staan en wag nie.

## Besoekers:

**Ouers sal slegs per afspraak die skoolgrond mag betree.**

- Dieselfde siftingsprosedure as by die leerders word gevolg.
- Wag by die voordeur totdat 'n adminbeampte u ontvang.

## Sifting:

- Almal gaan deur 'n siftingsproses voor hulle die skoolgrond betree.
- Sifting begin 07:00.
- Almal se koors sal geneem word, en 'n vraelys met Covid-19-simptome sal voltooi word.
- Indien die koors bo 38˚C is, of enige van die virussimptome getoon word (soos deur die verpligte 5 vrae uitgewys), sal die persoon toegang geweier word. Ouers sal dadelik in kennis gestel word om hul kind te kom haal. (Hierdie leerder sal intussen geïsoleer word.)
- Almal moet deur die ontsmettingstonnel beweeg.

- Leerders beweeg direk na hul registerklasse.

# Tydens skoolure

- Daar sal slegs in een rigting in gange en op trappe beweeg word.
- Almal word versoek om die 1,5m afstand tussen mekaar te alle tye te handhaaf.
- Verdaging sal klas vir klas plaasvind.
- Na elke pouse moet leerders en personeel van die trap-saniteerders gebruik maak om hul hande te saniteer.

- Leerders word aangemoedig om ook hul eie ontsmettingsmiddel saam te dra en soos benodig te gebruik.
- Leerders moet sorg dat hul elke dag hul eie leermateriaal en skryfbehoeftes by hulle het. Geen uitruiling van skryfbehoeftes, handboeke, aantekeninge of apparate sal toegelaat word nie.
- Indien 'n leerder deur die dag siek begin voel, moet dit dadelik by die opvoeder aangemeld word, sodat die nodige maatreëls getref kan word.

**Ouers word versoek om asb. die skool per e-pos te laat weet as u kind 'n mediese toestand het wat hom/haar 'n hoë risiko vir Covid-19 maak. Heg die mediese sertifikaat aan en stuur die e-pos aan:**

**hoof@monties.co.za**

**Daar sal geen groot byeen-komste soos saalbyeenkomste, vergaderings, of sportbyeen-komste by die skool gehou word nie.**

## Emosionele ondersteuning

**'n Emosionele ondersteuningsnetwerk vir leerders is by die skool beskikbaar. Kontak u kind se graadhoof indien dit benodig word.**